

## Sing vooraf staande: Psalm 119:4 (p. 586)

- 4 Hoe sal in sy jeug die jong'ling, / gou deur ydelheid bekoor,  
rein kan wandel in sy weë?... / As hy wandel in u spoor!  
U soek ek van ganser harte / HEER, hou U my hande vas,  
dat ek van u spoor nie dwaal nie / en die kwaad my nie verras.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 103:3 (p. 504)

- 3 Loof Hom wat met die goeie jou versadig, / jou lewenskrag van nuuts af begenadig,  
sodat jou jeug is soos die arendsjeug. / Die HEER doen reg – Hy is die hoogste rigter –,  
vergeld die kwaad en straf die onregstiger, / maar aan verdruktes skenk Hy ruimte en vreug.

## Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

## Psalm 19:7 (p. 84)

- 7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;  
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.  
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,  
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

## Gebed

- *Doksologie:*
  - *Aanbidding:*
  - *Skuldbelydenis:*
  - *Vergifnis:*
  - *Dank:*
  - *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,  
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
  - *Algemene bede:*
  - *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
- Amen.

## Psalm 48:4 (p. 245)

- 4 Ons wil, o HEER, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk  
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,  
so is u glansverskyning: / die vyand se verdwyning  
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.  
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.

Skriflesing: 1 Petrus 5

Teks: 1 Petrus 5:8

**Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond  
soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind. (1 Petrus 5:8 AFR53)**

Hier het ons te doen met een van die moeilikste dinge in ons hele lewe – die Satan en sy  
aanvalle op ons.

- Hy slaan orals toe en op baie verskillende maniere. Ons kan sê dat die Satan  
soveel gesigte het as wat daar geleenthede in elke mens se lewe is.
- Soms val hy ons persoonlik aan.
- Ander kere is hy baie meer slu en dan gebruik hy ook mense en omstandighede en  
allerhande dinge soos siekte, of spanning en wat daar ook al mag wees om 'n mens  
se geloof te probeer seermaak.

Ons kyk in hierdie preek na die volgende dinge:

### **1. Wie het die duiwel sleg gemaak?**

### **2. Die duiwel se teikens**

### **3. Die duiwel en ons geloofslewe**

#### **1. Wie het die duiwel sleg gemaak?**

Daar is mense wat dink dat die duiwel van ewigheid af bestaan, maar dis nie waar nie.

- Die enigste Wese wat van ewigheid af bestaan, is net die Here alleen.
- Die duiwel is ook 'n skepsel net soos ons; die Here het hom ook gemaak.
- Die duiwel is 'n engel wat baie hoog (met baie groot vermoëns) geskape was.

Hy het egter op die een of ander manier sleg geword en hom teen God verset.

- Die duiwel is 'n baie ingewikkelde en magtige skepsel wat baie skade doen onder die mense, die diere en die natuur.
- Hy is iemand vir wie ons baie versigtig moet wees, want hy verlei ons nie net om sonde te doen sodat ons die Here daarmee moet onteer en kwaadmaak nie.
- Hy vernietig ons ook, want hy het nie tyd vir ons nie.
- Hy is 'n soort persoon wat alles wat daar is in sy mag wil kry, en dan maak hy dit tot niet.

Kom ons kyk na enkele gedeeltes in die Bybel wat uitsprake maak oor die duiwel, want as ons die duiwel sien soos wat die Here hom sien, sal ons die werke van die duiwel van ons af wegstoot omdat ons deur die openbaring van God sal kan sien dat daar geen heerlijkheid in die werke van die duiwel is nie.

- Dit is so dat 'n mens wat werklik gelowig is, die geaardheid van die duiwel uiters afskuwelik vind.
- Vanself sal dit ons aanmoedig om die Here in sy heerlijkheid te dien en sal dit ons help om beter gelowiges te wees.

Ons lees die eerste keer van die duiwel in die Bybel toe hy in die begin van ons geskiedenis na Adam en Eva in die Paradys gekom het. Hy het die twee mense aangeval met die versoeking om aan God ongehoorsaam te wees.

- Daar was dus, op die stadium toe die duiwel by Adam en Eva uitgekom het, reeds moeilikheid tussen hom en die Here.
- Die Bybel vertel nooit werklik wat die moeilikheid tussen die duiwel en die Here was nie. Daar is ook 'n goeie rede voor:
  - Die doel van die Bybel is nie om ons te leer waar al die ellendes hulle ontstaan het nie, want die Bybel is nie 'n boek oor sonde nie.
  - Die Bybel is 'n openbaring van die heerlijkheid van God en van sy verlossing oor die mensdom.
  - Die Bybel leer dat God ons verlos in Christus, en dat Hy almagtig is en die kwaad aan die einde van die tyd tot niet gaan maak.
- Ons het egter 'n goeie idee waarom die sondeval in die hemel gegaan het, want ons lees in Johannes 8:44 dat die duiwel 'n mensemoordenaar is, en dat hy van die begin af leuens vertel.
  - Hy praat nooit die waarheid nie. Hy is ook die vader van alle leuens.
  - Hy staan dus direk teenoor God. Daar staan ook nog in 1 Johannes 3:8 dat die duiwel van die begin af sondig.

Op sterkte van hierdie gedeeltes in die Bybel weet ons dat die slegte dinge wat in die duiwel is, deur homself op die hals gehaal is omdat hy van God afvallig geword het.

- Die Here het hom nie sleg gescape nie. Hy het self sleg geword.
- Omdat hier in die Bybel staan dat die duiwel uit homself praat wanneer hy lieg, beteken dit dat hy nie die Here vir sy slegtigheid verantwoordelik kan hou nie.

Ons moet baie fyn luister na hierdie uitspraak van die Here, want dit is ook waar van ons. As ons sonde doen, kan ons nie die Here daarvoor verantwoordelik hou nie.

- Ons kan nie verkeerde dinge gaan aanvang en dan sê dat dit die wil van die Here was omdat Hy alles beplan het nie.
- In sy beplanning roep die Here ons op tot gehoorsaamheid en beveel Hy ons om nie verkeerde dinge te doen nie.

*Die duiwel het self van die waarheid af weggebreek, en daarom is hy sleg. Hy sit nou in die benarde posisie dat hy nie weer die waarheid kan terugwen nie. Ons moet dus oppas dat ons nie ook hierdie pad loop nie!*

## 2. Die duiwel se teikens

Die duiwel se teiken is baie wyd. Hy rig hom op alles wat die Here gescape het om dit te vernietig.

- Hy is soos 'n virus wat die hele liggaam wil inneem en doodmaak. Daarom het hy nie alleen gesondig nie.
  - Die eerste groep skepsele waarop hy sy visier gestel het, was die engele. Hy het 'n klomp engele met hom saamgeneem in sy sondeval.
  - Petrus en Judas (2 Petrus 2:4 en Judas :6) verwys hierna en leer dat daar engele is wat hulle eie beginsel, waarin God hulle gescape het, verlaat het. Hulle word nie gespaar nie. Hulle het ook hulle woonplek verlaat.
  - Daarom is hulle ook vir ewig deur God verwerp, en kan hulle nie weer gered word nie.

Dit is belangrik om te kyk na al die verskillende name wat die Bybel die Satan noem. Op twee plekke in die Bybel word die Satan die *god en owerste van hierdie wêreld* genoem.

- Die een keer kom dit voor in Johannes 12:31 waar die duiwel die *owerste van hierdie wêreld* genoem word. Die gedeelte leer ook dat die Here Jesus die Satan sal uitgooi buitentoe as die wêreld geoordeel word.
- Op die ander plek word die duiwel die *god van hierdie wêreld* genoem. Ek lees vir ons 2 Korintiërs 4:3, 4 voor:

**Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie. (2 Korintiërs 4:3-4 AFR53)**

Hier staan geskryf dat die duiwel – die god van hierdie wêreld – dit sy saak maak om mense se verstand toe te druk sodat hulle nie die evangelie kan verstaan nie, sodat hulle dan ongelowiges bly. Hy keer dat hulle die heerlijkheid van God sien.

Dieselfde staan ook in Efesiërs 2:2:

**waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk, (Efesiërs 2:2 AFR53)**

- Hier staan net by dat die duiwel die *owerste van die mag van die lug* is, en dat hy die gees van ongehoorsaamheid wat in die ongelowiges werk, beheer.
- Die duiwel beskik dus oor 'n bepaalde geestemag waarmee hy mense kan aanval en maak dat hulle ongehoorsaam word as hulle nie versigtig is nie.

Daarom skryf die apostel Petrus dat die duiwel op die aarde rondloop soos 'n briesende leeu wat alles wat in sy pad kom, verslind en verskeur.

- U moet weet dat hierdie aanvaller baie listig is – hy is uiters magtig en intelligent en baie geslepe.
- Hy vervals alle openbaring van God sodat die swak gelowiges en die ongelowiges dit nie van die ware openbaring kan onderskei nie!
- Al sy optrede op die aarde is daarop gemik om die kerk en sy lidmate dood te maak.

Die duiwel is teen alle vorme van geregtigheid.

- Hy besoedel menseverhoudinge.
- Hy veroorsaak huwelikspanning en egskeiding.
- Hy breek ons ouers se opvoedingswerk af.
- Hy verlei ons en ons kinders.
- Hy wakker wellustighede aan.
- Hy maak ons eerlikheidsbesef kruppel.

Hy werk verder ook met ons geloof.

- Hy is die een wat ons verhouding met God besoedel. Hy maak ons ongelowig en maak ons lui in ons aanbidding.
- Hy verdraai ons verstand sodat daar dinge in God se Woord is wat ons nie wil aanvaar nie.
- Hy maak ons ook geestelik dom sodat ons nie die openbaring van God altyd kan en wil verstaan nie, en dat ons ook dan in verzet raak teen die Here.

Dit klink miskien vir ons na 'n baie ingewikkelde proses wat hier aan die gang is, maar die duiwel is eintlik baie eenvoudig.

- Al wat hy doen, is om ons in sondes te laat volhard.
- Hy maak 'n mens gewoon aan verkeerde dinge en laat ons allerhande redenasies uitdink waarom ons maar die verkeerde ding kan aanhou doen.
- Hy weet dat die Here op die lang duur met so 'n mens ontevrede sal raak.

Die duiwel gebruik ook die sosiale omstandighede waarbinne ons lewe:

- Hy laat mense so opstandig raak teen bepaalde gebeurtenisse dat hulle hulle verstand verloor en uiters dwase dinge doen.
- Die duiwel laat mense in sulke vrees verval dat hulle uit wanhoop die raad van God in hulle eie hande probeer gryp.
  - Hy maak dat ons later op die spoor van die duiwel begin glo dat haat en geweld die evangelie van verlossing is, en dat moord en oorlog die enigste middele is wat ons toekoms kan verseker.
  - Die duiwel maak dat mense mekaar begin wantrou.
  - Hy maak ook dat mense so sleg word dat hulle nie betroubaar is nie.

Dit is die dinge waarvoor elkeen van ons in hierdie gemeente baie fyn en versigtig sal moet trap.

- Die duiwel wil hê dat alle gelowiges uitmekaar moet spat. Hy wil hê dat die kerk van die Here aan skerwe moet raak.

- Hy doen alles met haat en uit haat. Hy kan God nie verdra nie, en hy kan ons ook nie verdra nie.
- Daarom probeer hy om ons luste en ons gedagtes en ons optredes – letterlik alles – te beïnvloed sodat ons slegte dinge moet doen.

Broeders en susters deur die bloed van Jesus Christus, ons moet waak! As ons sonde doen, skend ons die Here se wil en sy eer daarmee.

- Dit is die eie werke van die duiwel, en as ons in sondes volhard, verruil ons die beeld van God se heerlijkheid vir die beeld van die duiwel.
- Die duiwel se beeld is gedrogtelik, daarom haal sonde ons op die lang duur ook in – al lyk die sonde soms op die kort termyn voordelig. Uiteindelik is die einde van sonde nie baie gunstig nie!

### 3. Die duiwel en ons geloofslewe

Dan is daar die ander groot saak waarteen ons gewaarsku moet wees:

- Die boek Openbaring waarsku dat die politieke gees een van die magtigste wapens is wat die antichris gebruik in die eindtyd. Ons het voorbeelde in die Bybel waar die Here beskryf hoe die Satan ook in die politiek werk. Moenie politieke oortuigings in die kerk van die Here probeer staan maak nie.

As ons dit doen, doen ons verkeerd, want dan begin ons met 'n verkeerde verhouding met die Here.

- Ons moet tog altyd baie versigtig wees met die manier waarop ons uitsprake maak asof die politiek die saligheid van die wêreld gaan bepaal.
- Gaan lees maar Openbaring 13 waar die Here openbaar van hierdie dier wat lyk soos 'n lam maar praat soos 'n draak.
- Dit is hy wat op die aarde 'n beeld laat maak en wat aan hierdie beeld 'n gees gee sodat hy kan praat. Dis hierdie dier wat dieselfde getal het as die getal van die mens: seshonderd-ses-en-sestig.

Die duiwel werk nie nou vir die eerste keer nie. Hy was in die Ou Testament al bedrywig:

- Hy was die bose gees wat Saul bemeester het.
- Psalm 78:43-49 leer ook dat die Here die plaë van Egipte uitgevoer het deur die slegte engele. Hulle word *ongeluksbodes* genoem. Hulle besoedel alles met hulle slegtigheid!
- 'n Bode is juis 'n engel! Die duiwel en sy engele word dus deur die Here gebruik om selfs 'n hele ongelowige volk te teister wat hulle teen Hom verset.

Die Satan stel homself direk teenoor Christus.

- Soos wat Christus die Hoof van die kerk is, so is die Satan die hoof van die magte van die hel.
- In 1 Johannes 3:8 staan dit mooi geskryf dat hierdie twee teenoor mekaar staan.
- Die duiwel sondig van die begin af, en daarom het die Seun van God verskyn sodat Hy die werke van die duiwel kan afbreek.

Die Satan kom ook in die kerk! En hy stel homself voor as Jesus Christus.

- Hy gebruik die Here Jesus se Naam vir homself en hy gebruik die Bybel om mense in dwaalleer te laat verval sodat God vir hulle kan kwaad word en hulle straf.
- As bewys hiervoor kan ons net dink aan die Here Jesus Christus se eie woorde in Markus 13. Hy waarsku ons daar dat die dinge aan die kom is en dat ons op ons hoede moet wees daarvoor.

In ons teksvers staan dit geskryf dat die duiwel ons soos 'n brullende leeu jag!

- Maar dadelik is die waarskuwing daarby: Wees nugter! Wees waaksaam!
- Die Here herhaal die oeroue opdrag aan ons wat Hy aan Adam ook gegee het: Bewaak! Pas op!
- Adam kon nie. Nou openbaar die Here aan ons wie die duiwel is, en hoe hy werk. En dan sê die Here vir ons dat ons nugter moet wees. Dit beteken dat ons moet dink, en dat ons moet onderskei. Ons moet nie sommer blindweg dinge doen nie.

Die duiwel se opstand teen God is ten diepste gegrond in sy eie verwaandheid.

- Hy het van homself en van sy eie standpunte meer gedink as van die wil en bevel van die Here. Die uiteinde daarvan is die hel met al die verskrikking wat daarin vasgevang is.
- Daarom skryf die Here vir ons in Efesiërs 6:12 dat ons stryd nie teen vlees en bloed is nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.

Ons moet ook nooit gerus wees en dink dat die duiwel verslaan is en nou vir goed uit die pad is nie.

- Die duiwel is verskriklik skelm, en daarom gebruik hy elke oomblik om ons te bekruip.
- Daar is geen geleentheid wat hy te gering ag nie. Elke kans wat daar is, sal hy voluit aanwend om ons te beweeg om vir verkeerde dinge lus te voel en sonde te doen.

Nou hoef ons nie in paniek te verval nie, want ons is toegerus om die duiwel te kan hanteer.

- Ons Here Jesus se geboorte, lewe en dood, sy kruisiging en opstanding en hemelvaart was alles om die duiwel op sy eie werf aan te pak, en te oorwin.
- Die Here Jesus het 'n hele lewe van stryd teen die duiwel geleef sodat Hy in ons plek die duiwel kon verslaan. En dit is presies wat Hy gedoen het!
  - Hy het tydens die versoeking in die woestyn onder geen omstandighede aan die duiwel se versoekinge en drogredenasies toegegee nie.
  - Hy het die mag van die dood gebreek omdat Hy met sy Goddelike almag uit die dood opgestaan het met sy liggaam. Die dood was die duiwel se grootste wapen wat hy gehad het.
  - Na Jesus se opstanding het die duiwel nie meer hierdie wapen gehad nie, want met die Here Jesus se opstanding is die wapen tot niet gemaak.

Na die hemelvaart het die Here sy Heilige Gees aan ons teruggestuur sodat die Heilige Gees ons kan waarsku om nie na die duiwel te luister nie.

- Die Heilige Gees se werk staan heeltemal teenoor dié van die duiwel. Die duiwel wil ons vernietig met sy haat. Die Heilige Gees wil ons red met sy liefde.
- Die Heilige Gees hou ons waaksaam.
  - Hy ondersteun ons onderskeidingsvermoë sodat ons die werk van die duiwel kan herken.
  - Hy gee aan ons insig sodat ons kan sien waar die duiwel God se openbaring vervals.
  - En dan bevestig Hy weereens die genade van die Here Jesus Christus en die krag van God aan ons sodat ons oor die aanslae van die duiwel mag seëvier.

Broeders en susters, wees elke oomblik bedag op die dinge wat die duiwel op ons pad bring. Ons leef nou in die tyd waarvan die Here sê dat die duiwel rondgaan soos 'n brullende leeu om alles te verskeur wat hy in die hande kan kry.

- Onthou dan ook net dat sy grootste mikpunt die kerk – die gelowiges – van die Here is.
- Dis ons wat hy in die hande wil kry.
- Al lyk sonde vir ons hoe aantreklik – weet dat die duiwel ons dood soek daarmee.
- *Weet dat elke oënskynlike voordeel wat die sonde ons op hierdie aarde bied, deel is van ons vernietiging in die hiernamaals, as ons dit gaan najaag.*

Maar weet ook dat ons as Christene oorwinnaars is in Jesus Christus die Here.

- Leef dan ook soos oorwinnaars want julle is nie verloorders teen die hel en sy leier nie!
- Ons dra die Naam van ons Here: Ons is die eiendom van die Vader die Seun en God die Heilige Gees.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm Psalm 41:1 (p. 210)

- 1 Welsalig wie die arme in verdriet / sy hulp en bystand bied!  
God sal hom red, en in die dag van kwaad / is Hy sy Toeverlaat.  
God sal sy lewe in kammernis bewaak / en hom gelukkig maak;  
hom nimmer oorgee, dat sy teenparty / oor hom ooit voordeel kry.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 20 Februarie 2005 (Vorbereiding)

Hulpdienspredikant Clanwilliam. Datum: 4 Augustus 2013 (Vorbereiding).